# FAMILIENUUS

pelgrimstog deur die lewe
Outeniqualand
oorgee • omgee • aangee



3 Mei 2026

Wat jy hierdie week moet weet!

# erediens

## SONDAG

Tydens Paastyd vier ons Jesus se opstanding uit die dood. Die graf is leeg, want Jesus leef! Ons erediens begin om 09:30 in die kerk by Sinksabrug. Daar is geen Vonkies hierdie Sondag nie.

Kom geniet 'n heerlike koppie koffie/tee/warm sjokolade in die saal na afloop van die erediens.

## DEUROFFER: MAGDELENA HUIS

Magdalenahuis Beradingsentrum het op 10 Oktober 1902 tot stand gekom en was 'n inisiatief van die NG Kerk. Magdalenahuis fokus op drie diensterreine: swangerskapberading, aanneming en herkoms-fasilitering. In September 2014 neem Magdalenahuis dan ook die geloofstap om weens die oorweldigende nood en behoefte aan hulp, die inwoningskomponent om te skakel na 'n ondersteunings/ont-wikkelingsprogram in hoë risiko gemeenskappe.

Die Isiqualo Program (New Beginnings) fokus steeds daarop om hierdie weerlose swanger vroue en hul ongebore babas in nood by te staan en te ondersteun. Met dieselfde visie "Uit liefde help ons heelmaak" onderskryf ons die filosofie van die Eerste 1000 dae, met die uitkoms dat gesonde kinders lei tot 'n gesonde samelewing. Dankie aan gemeentes wat deur die jare met hul deuroffers Magdalenahuis in staat stel om volhoubaar 'n verskil te maak in die lewens van weerlose swanger vroue, kinderlose egpare, asook babas en kinders.

Mev. S du Plessis / 021 948 3637 /
info@magdalena.org.za /
Webwerf: https://magdalena.org.za

## DEUROFFERS

Volgende Sondag se deuroffer is vir Sinodale Arbeidsbediening.

## VOLGENDE SONDAG

Ons nooi jou uit na volgende Sondag se erediens om 09:30 in die kerk te Sinksabrug. Let wel, daar is nie 'n erediens by die KH-saal nie. Dit is ook Sondag 10 Mei Moedersdag.

# oorgee

## BYBELSTUDIES

Kontak gerus vir Pieter Landman by 072 518 6964 as jy belangstel om aan te sluit.

- Mansbybelstudie is Do om 08:00 in die KH-saal.
- Damesbybelstudie is Do om 09:30 in die KH-saal.

Jy is baie welkom. Jy is ook welkom om iemand saam te nooi. "Ons verwagting is van die Here, nie van mense nie, want ons as gelowiges bly almal, 'n leeftyd lank, studente van die Woord waarin God die Heilige Gees, ons moet lei."

## GETROUHEID/ GEHOORSAAMHEID

Rekeningbesonderhede: NGK Outeniqualand; FNB Tjek rekening; Rek nr: 623 584 60401; Takkode 210-114. *Verwysing: Deuroffer/Dankoffer/Projek/ Bankkollekte ens.*




FNB First National Bank

Snap here to pay

SnapScan

## omgee

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat 3 tot 9 Mei verjaar:

**So 3**

Raymond Swenson
Philip Vermeulen (3 jaar oud)

**Ma 4**

Chris Kotze
Deon Louw

**Di 5**

Annes de Bruyn
Dup van Dyk

**Do 7**

Janean Kuyler
Roelof van Schalkwyk

**Vr 8**

Zhané de Kock

**Sa 9**

André de Wet




## ONS BID VIR...



**Kronies:** Annemarie Swart, Marion van Niekerk. **Herstel:** Deon Louw, Willie Burger, Johan Retief, Anél Diedericks, Kobus Hattingh, Mari van Wyk, Jenny Thysse, Esther du Plessis, Wilna Nieuwoudt, Godfrey Lochenberg (ons tuinier) en Koos de Jongh. **Kanker:** Reiner Becker, Irmgard Nel, Ronel Skeen, Malan en Elrine Barnard se agterkleinseun.

1. Magdelena Huis (Sinodale Deuroffer): Bid vir hierdie instansie wat hulp en berading bied aan swanger vroue in nood en ook in die aanneem-proses van babas behulpsaam is.

2. Bid vir elke persoon wat op 'n eerlike manier sorg en werk vir hul gesinne in ons land.

3. Bid vir kalmte en vrede in 'n tyd van frustrasies en vrese vir die toekoms, wat Suid-Afrikaners ervaar.

4. Bid dat mense die waarheid sal kies bó alles. Christus is die Waarheid. (Joh. 14:6)

5. Bid die Woord: "Die Here is goed, 'n toevlugsoord in tye van bedreiging. Hy sorg vir wie by Hom skuil. (Nah1:7)

DANKIE:

1. Vir gelukkige huwelike. Vir elke man en vrou wat mekaar dien – soos Christus vir óns 'n voorbeeld gestel het (Ef. 5:22-30)

2. Vir God se gawes – Pr 2:25 "Wie kan eet; wie kan geniet as Hy dit nie moontlik maak nie."




**GEBEDSUITDAGING VIR DIE WEEK:**

Bid oor alles!
Die verantwoordelikheid vir die antwoord lê by God.
Hy sal dit uitsorteer.

# IS GEBED JOU PASSIE?

Raak deel van Outeniqualand se unieke whatsapp-gebedsgroep of gee gebedsversoeke deur sodat ons jou kan bystaan in gebed! Kontak asb. vir ds. Jan by 084 258 8646.

Hier is 2 Gebedsinisiatiewe:

- 'n Gebedskamer (ou moederskamer) agter in kerkgebou vir gebruik deur ons lidmate. Julle kan voor/tydens eredienste daar kom bid.
- 'n Prentjiemooi gebedstuin by die KHSaal te Glentana. Kom beleef God in die stilte van Sy skepping!

# inligting




## BINGO

**Dinsdag 5 Mei by die Kobus Hattingh-saal**

Op **Dinsdag 5 Mei om 10:30** is dit **BINGO** in die Kobus Hattingh-saal! Die ingangsfooi is R50 per persoon wat 'n gratis tee/koffie insluit. Daar is ook pryse wat gewen kan word. Kontak vir Petru by 063 780 2339.

## WHATSAPP KOMMUNIKASIE

Indien jy die gemeente se kommunikasie via whatsapp wil ontvang, stuur 'n whatsapp boodskap na ds Jan se nommer (084 258 8646) met jou naam daarby.


## SOP EN BROODJIES

Ons **Pinksterdienste** begin Sondag 17 Mei en duur tot Donderdag 21 Mei. Die dienste vind plaas om 18:00 in die Kobus Hattingh-saal.

Elke jaar bederf ons dames die gemeente met die heerlikste sop en broodjies/vetkoek. Hierdie jaar is geen uitsondering.

Ons benodig 10-11 potte sop elke aand. As jy hiermee kan help, kontak asb. vir Edie by 082 457 8215 of Merinda by 044-876 0158 of 083 4 526 526.

Dit is baie sop! Dit beteken ons het asb. elkeen wat moontlik kan, se hulp nodig vir die Pinksterbederf!



Dankie vir diegene wat reeds gereageer het!

## KUSSINGPROJEK

Al die stoele op die gallery het kussings en ons projek is afgehandel. Baie dankie vir almal wat kussings gebring het. Dit word opreg waardeer.

## Hemelvaart

**Donderdag 14 Mei om 18:00 in die KERKGEBOU!**

**TEMA: Jesus is nog nie klaar nie (Joh 14:1-3).**

# VVnK
# Voedsel, Vermaak en Kaskarkarnival

Ons begin weer vere reg skud vir vanjaar se VVnK. Dit vind plaas op **20 Junie 2026**. Die kaskarreëlings is op dreef. En vanjaar het ons ook 'n trailrun asook funrun wat deur 32Gi atletiekklub van Mosselbaai aangebied word.

Ons wil graag elke lid van Outeniqualand aanmoedig om deel te raak van die VVNK. Hier is 'n lys van tafels en plekke waar jy betrokke kan raak. Kyk dit deur en besluit waar jy graag betrokke wil wees:

Kontak die kerkkantoor (044-8760158) of Christa om jou naam op te gee vir 'n stalletjie waar jy wil help. As jy enige vars nuwe idees het vir oorweging, kan jy vir Christa Botha skakel by 082 745 2266.

Inskrywings vir die trailrun:

https://www.aswd.co.za/event/ng-church-outeniqualand-12km/

# Oestafel
# Jantjies
# Pannekoek
# Koffie/Tee
# Potjiekos
# Hamburgers
# Tombola
# Sameroepers
# Terrein opruimspan
# Poedings
# Teetuin
# Koeldranke
# Kerrie & Rys
# Worsrolle
# Braaivleis
# Kinderspeletjies
# Addisionele hulp
# Klank
# Beamptes by Kaskar wedren
# Terrein voorbereidingspan

Inskrywings vir die kaskarwedren:

https://outeniqualand.co.za/vvnk-2026/




Vanjaar se nuwe toevoeging tot die kaskarresies: in samewerking met 32Gi Runningclub SWD,

**'n trail- & funrun.**

32Gi ENDURANCE ADDICT SINCE '09 LIVE IT

**Ten bate van Diepkloof Kleuterskool op R102 naby Sinksabrug!**

aangebied deur Outeniqualand-gemeente

**Kontakpersoon: Jan Fourie 084 258 8646.**

Moenie die groot resies misloop nie!

Kom geniet 'n feesdag vol voedsel en vermaak.



*Jy word hartlik* **Uitgenooi!**

**VERWELKOM** *& uitgedaag!!!*

**Outeniqualand-Gemeente**

*hou 'n*

# VOEDSEL, VERMAAK & KASKAR *Karnaval*

**20 JUNIE 2026 VANAF 08:00**

**Diepkloof Plaas - Sinksabrug - George**

**DOEN DIT VAN HARTE – SOOS VIR DIE HERE EN NIE VIR MENS!**

## VOEDSEL

### KOS STALLETJIES:

Wors Broodjies met gebraaide Uie
HEERLIKE Braai Vleis & Afval Pot
Wors & Sosaties met Slaai
Kerrie & Rys/Stampmielies
Pregos met Hoender of Bees
Jantjies, Chip n DiP
Pannekoek, Lekkergoed
Teetuin met heerlike Gebak,
Oestafel & Koeldranke

## VERMAAK


### VIR OUD & JONK

Pad Wedloop & Fun Run
Kaskar
Tombola
Speletjies
Gesigverf
Hanswors
Kuier- & Tee Tuin
Radio SFM
Wonderlike Pryse
Gelukkige Trekkings

## KASKAR

### KATEGORIEË:

Laerskool
Hoërskool
Besighede
Mans Sosiaal
Dames Sosiaal
Ope






# snuffelhoekie

## 5 STER KOMPOS

Die naam sê dit alles.......

U tuin smag daarna!

R50 per sak/R650 per kubieke meter grof/R700 per kubieke meter gesif.

Kontak Frank Robertson – 082 456 5965

## PENDELDIENS

Een van ons lidmate het begin met 'n Lughawe- en Dorp-pendeldiens. Hy kan help so wyd as Oubaai/ Heroldsbaai/Glentana/ Groot Brak-rivier/Wildernis/Victoria-baai. Hy sê sy diens is betroubaar, bekostig-baar, betyds en veilig. Kontak gerus vir George Botha by 082 566 3374.



Outeniqualand-gemeente staan nie in vir die kwaliteit van produkte of dienste gelewer nie en vrywaar haarself van enige skade en/of verliese wat deur of as gevolg van 'n advertensie gely word.

Indien jy 'n produk of diens in die snuffelgids wil adverteer, kontak vir Merinda by die kerkkantoor ngouteniquala@gmail.com of 044-876 0158.

Kontak ds. Jan by 084 258 8646 of janfourie7777@gmail.com.
Hy besoek jou graag. Neem asb. vrymoedigheid om met ons te skakel indien jy behoefte het aan 'n besoek.

Kontak Merinda by die kerkkantoor by 044-876 0158/ngouteniqua@gmail.com of kom besoek die kerkkantoor Dinsdae tot Vrydag (08:30 - 13:30) asook Woensdag (15:00 - 16:30) en Sondae (09:00 tot 11:00).

Annemarie as Fasiliteitsbestuurder kan gekontak word by 084 551 6282 en Tinus ons orrelis by 072 649 2596.
Besoek ons ook by www.outeniqualand.co.za
of op Facebook by NG Outeniqualand Gemeente.